

14 November

Skrifgedeelte: Openbaring 2:12-17

Fokusgedeelte: Openbaring 2:13, 14

Pergamum: 'n uiters gevaarlike stad

Daar is twee redes waarom Pergamum 'n uiters gevaarlike stad was: dit was die stad waar die troon van Satan was en daar was mense in die stad wat die leer van Bileam aangehang het.

Die uitdrukking “die troon van Satan” dui op 'n stad waar Satan se bedrywighede hoogty gevier het. Pergamum was nie slegs die hoofstad van Klein-Asië nie, maar dit was die stad waar Satan op die troon gesit het en waar die heidendom sy setel gehad het. Sataniese praktyke was aan die orde van die dag! Van hierdie troon af het Satan sy regspraak uitgeoefen.

Die “leer van Bileam” was 'n subtiële metode van Satan om die gelowiges se geloof in Christus te infiltrer en af te breek. In Numeri 22 lees ons dat Balak wou hê dat Bileam die volk Israel moes vervloek, wat nie gerealiseer het nie omdat Israel deur God geseën was. Bileam slaag uiteindelik daarin om Israel tot afgodery en hoerery van die Moabiete te verlei en so hulle geloofsband met God te verbreek. So het hy God se volk verlei en tot 'n val gebring.

Die aanslae van Satan is steeds sterk teen die kerk van die Here en teen ons as gelowiges gemik. Wat hy nie met mag kan vermag nie, probeer hy subtiel stukkie vir stukkie afbreek, sonder dat ons dit agterkom. Die mooie is dat die gelowiges in Pergamum nie hulle geloof in Jesus Christus verloën het nie. Antipas dien as voorbeeld van hierdie volharding van die gelowiges tot die bitter einde toe (22:14).

Na 150 jaar kan ons bely: God se kerk leef! Die poorte van die doderyk het en sal dit nie oorweldig nie, want Jesus Christus is by ons al die dae tot die voleinding van die wêreld (Matt 28:20). Wat 'n wonderlike troos! Mag die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getrou bly aan Jesus Christus en nooit ons geloof in God verloor nie. Bid vir die kerk van die Here en vir medegelowiges!

Sing: Skrifberyming 15-4:1-7

Ds Pieter J van der Walt (Bethlehem)